

Netjies met 'n Assisi-paneel



BENODIGDHEDE: Coats Anchor-string-borduurgaring, 2 stringe ysvoëlblou 0161 en 1 string ysvoëlblou 0164 (Kingfisher). Gebruik deurgaans 3 drade. Materiaal: 40 cm wit egalig geweeftde stof, 21 drade per 2,5 cm en 150 cm breed; 'n Milward International Range-tapisserienaald nr. 24.

AANWYSINGS: Knip twee stukke uit materiaal, 48 x 38 cm en merk middel van elke stuk na weerskante met rygsteke. Diagram 1 toon 'n deel van ontwerp en pyltjie moet ooreenstem met horisontale rygsteke. Elke agtergrondblokkie op diagram 1 stel 2 drade van materiaal voor.

Met een lang kant van een stuk materiaal na jou toe, begin ontwerp 100 drade afwaarts

vanaf punt waar rygsdrade mekaar kruis en borduur 41 kruissteke na links met 0161 en borduur dan die deel wat in diagram 1 aangegee word.

Voltooi ontwerp en borduur steeds kruissteekrandjie tot by vertikale rygsteke en borduur dan rand na regs om ooreen te stem.

Wanneer kruissteke gewerk word, is dit belangrik dat die boonste deel van al die kruisies in dieselfde rigting lê.

AFWERKING: Vou 3-cm-some om tot by kruissteekrandjie, verstek hoeke en glipsteek vas.

Diagram 2: Kruissteek: Bring draad onder

by regterkant deur, steek naald 2 drade boontoe en 2 drade na links deur en steek dit 2 drade na onder deur om sodoende 'n halwe kruis te vorm. Borduur op hierdie manier tot aan einde van ry voort. Voltooi boonste deel van kruis soos aangedui.

Kruissteek kan óf van regs na links óf van links na regs gewerk word, maar dis belangrik dat die boonste deel van die kruisies in dieselfde rigting moet lê.

Diagram 3: Holbein-steek: Werk van regs na links 'n ry voorsteke deur naald oor en onder 2 drade van materiaal te steek volgens fatsoen van ontwerp. Werk 'n tweede ry voorsteke op dieselfde manier, maar van links na regs om spasies wat in die eerste ry oopgelaat is, in te vul.

Hierdie tafelmattjies is eenvoudig,
maar keurig.

Slegs twee kleure blou en twee ver-
skillende steke word daarvoor ge-
bruik. Kies jou eie kleure om by
jou eetgerei te pas

deur HENRIETTE
LOUW

DIAGRAM 2






DIAGRAM 3



SLEUTEL TOT
DIAGRAM

- ☒ — 0161 } Kruis-
☒ — 0164 } steek
☐ — 0164 — Hol-
 bein-steek

Stop Hardlywigheid sonder om op loop te gaan.



Moenie swaar kry as jy gerieflik gereeld kan wees nie! Met Dulcolax-lakseertablette en setpille kan jy daarop staatmaak dat jou maag elke keer op die regte tyd werk.



Dulcolax-tablette

Neem 2 tablette voor slaaptid en jou maag sal die volgende oggend wanneer jy opstaan, werk. Of, neem een tablet 'n halfuur voor ontbyt en jou maag sal binne 5 ure werk.

Dulcolax-setpille

Gebruik een setpil vir vinnige aksie. Jou maag sal binne 15 tot 60 minute werk.

Dulcolax, die lakseermiddel voorgeskryf deur dokters, is veilig vir kinders en volwassenes indien dosering-aanwysings gevolg word. Net beskikbaar by apteke.

Dulcolax

Die doeltreffende lakseermiddel. Dit werk altyd op die regte tyd.

GREY ADVERTISING AND MARKETING 15164

TEKEN IN OP

ROOI ROSE

Die Sirkulasiebestuurder, ROOI ROSE,
Posbus 32083, Mobeini 4060.

	R.S.A. Ins. bel.	Onaf- hanklike State	S.W.A.	A.P.U. Zimbabwe Zambië en Oorsee
13 eksimplare . . .	R 8,75	R11,70	R 8,75	R16,25
26 eksimplare . . .	R17,50	R23,40	R17,50	R32,50

Zimbabwe Intekenare: Alle intekengeld moet voortaan in die vorm van 'n bankwissel (NIE Posorders nie) direk gestuur word aan Intekenare-Afdeling, R.P., Posbus 32083, Mobeini 4060.

Ek wil graag op ROOI ROSE inteken en sluit R. vir 13/26 uitgawes in (skrap wat nie van toepassing is nie).

Aan NAAM:

Adres:

Drukskrif asseblief.

SOORT KREDIETKAART: (Merk toepaslike blokkie)

MASTERCARD ☐ VISA ☐

HANDTEKENING

KAARTNOMMER

VERVALDATUM VAN KAART

Dui asseblief in die betrokke blokkie aan of dit
'n nuwe intekening is ☐ of hernuwing ☐

Twee tot drie weke moet toegelaat word vir verwerking.

Indien hierdie subskripsie 'n geskenk is, geliewe u naam en adres hieronder aan te gee:

Van: NAAM:

Adres:

..... Poskode

INTEKENAARS LET WEL: Lesers wat direk by ons inteken deur hierdie koepon te gebruik, sal nie die hoër tariewe betaal wat deur sekere oorsese en plaaslike agentskappe gehef word nie.

L.W. Betalings van buite die grense van die Republiek van Suid-Afrika moet 'n bedrag van R1,25 aan bankwissel insluit.